**APRIL 2020** **KWARTAAL 2**

# GETUIENISBRIEF

KOM KYK WAT DIE HERE IN ONS LEWENS DOEN

## ONS STAP NIE DIE PAD ALLEEN NIE

**DEUR STEPHANIE HENDERSON**

**….en julle sal die Heilige Gees as geskenk ontvang [Hand 1:8]**

HOE KAN ONS DIE PAD ALLEEN STAP, veral in dié tyd? In vandag se onsekerheid, weet ons een ding verseker… ons wil en kan nie die pad alleen stap nie!

Deur die loop van die eerste kwartaal van 2020 het ons by Ma's-vir-Wellington gefokus op die Heilige Gees - dié geskenk van God, wat Hyaan ons belowe in Sy Woord. Jesus self het gesê dat dit beter is vir ons as Hy weggaan, want Hy stuur vir ons 'n HELPER, wat ALTYD by ons sal wees! Jesus het geweet ons gaan hulp nodig hê, daarom stuur die Here vir ons Sy Gees. Die Heilige Gees wat ons lei, bemoedig, help, vrede gee, vertroos - om maar net 'n paar te noem.

Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld." Hand 1:8

En veral in die tyd het ons almal KRAG nodig, oë wat kan sien met Hoop, Iemand wat ons bemoedig, Iemand wat vir ons die pad aanwys en ons kreatiwiteit gee om uitdagings te verander in geleenthede.





## ONS HET HOOP TEN SPYTE VAN COVID-19!

So het die Covid-19 epidemie ook Ma's-vir-Wellington gedwing om ons deure tydelik te sluit. Ons besef al te goed watter afhanklikheid 204 persone daagliks op ons instansie het. Die ontbyt en middagete wat elke kind en Vrywilliger by ons ontvang, is soms die enigste maaltyd wat hulle die dag kry om te eet.
Die reaksie van die gemeenskap en ander instansies op ons veldtog om koopbewyse vir kos aan te koop, was oorweldigend. Dit was vir ons moontlik om 204 koopbewyse ter waarde van R350 elk, aan al ons begunstigdes te gee. Prys die Here vir plaaslike individue, instansies, Maatskappye en NGO's wat saam hande vat.

In Januarie is ons Vrouebediening deur **Samaritan's Feet**, 'n Suid-Afrikaanse NPO en internasionale humanitêre organisasie besoek. Hulle kernfokus is om behoeftige kinders te dien deur hulle voete te was en skoene aan hulle uit te deel. Hul benadering is nie net om skoene te gee nie, maar spesifiek hoop te bring aan elke persoon met wie hulle werk.



Hul vrywilligerspan het ons tannie-mammas (vrywilligers) besoek en tyd saam met elkeen in gebed spandeer. Elke dame (en 2 mans) is bedien deurdat sy/haar voete persoonlik gewas is. Daarna is daar met deernis vir elke persoon se hart en toekomspad gebid, asook vir haar hoop en drome. Elke vrou het die boodskap ontang dat sy waardig is en haar lewe saak maak, ongeag haar omstandighede. Bo en behalwe hierdie seëning, het elkeen 'n paar splinternuwe sandale aan haar voete ontvang. Hierdie oggend waar 58 paar skoene uitgedeel is, was verseker 'n gesalfde tyd in Vader se teenwoordigheid.
Hierdie gebaar van seën en liefdesverkondiging, was so in tred met ons eie leuse by Ma's-vir-Wellington: Gaan uit, die wêreld in, en vertel die goeie nuus van Jesus vir die wêreld!

## WALK THROUGH THE BIBLE

Lynnette Stander van Walk Thru the Bible SA het ons span vrywilligers kom toespreek om 'n groter prentjie te skep van die verloop van gebeure in die Bybel. Dit het 'n goeie begrip geskep van die verskillende bybelstories en die invloed wat elke storie op jou hedendaagse lewe kan hê.

Dit was 'n voorreg om die Ou Testament se storielyn te volg en deur dit deur handgebare te onthou. Ons leer nog vandag daaruit en is 'n bron van wysheid!

Die Woord van God is vandag nog lewendig!





Die span vrywilligers leer die hele Bybel se volgorde deur handgebare te gebruik

## TMT UITREIK SPAN

Dis 'n groot voorreg om 5 studente van die **Timothy Ministry Training** span (TMT) hierdie jaar by ons ECD te kan verwelkom. TMT se studente is deel van die **Joshua Generation** kerk se dissipelskapsprogram, waar mans en vrouens van God, opleiding kry vir bediening. Hulle doen teoretiese, asook praktiese opleiding.

Hulle besoek ons Supersterre ECD een oggend per week om met ons onderwysers en kinders verhoudinge te bou. Tans help hulle uit in ons 1 uur vryspel, waar hulle kan deel wees van aktiwiteite en sodoende die onderwysers se hande ligter maak.

Die twee mans studente in die span het die inisiatief gebruik om vir ons 'n sandpit, waaroor ons al meer as 'n jaar droom, te bou. Hulle het die sandpit in geloof begin grawe voor enige hout en sand al betaal was.

Dit was met baie groot vreugde dat die span, met alle materiaal wat benodig was, die sandpit kon klaar maak. 'n Ongelooflike getuienis vir die span wie se gebed van voorsiening, verhoor is. **God is goed**... en **aan Sy Voorsiening is daar geen einde nie**. Hy hoor ons gebede.





TMT span besig om die harde Egoli grond te trotseer



## prettige feite:

### Voedingsstatistiek vir 2019:

| | |
|---|---|
| brode gesmeer deur gemeenskapslede en bybelstudiegroepe | 2952 |
| eiers gekook | 14 760 |
| pasta gekook | 410 kg |
| hoender gebruik vir etes | 540 kg |
| pap vir ontbyt gemaak | 820 kg |
| wortels geskil | 81 kg |







# SUPERSTERRE ECD

Early Childhood Development

Supersterre ECD het hierdie jaar vroeg al afgeskop met vol klassies, 'n totaal van 65 kinders. Ons fokus hierdie jaar is om ons Gr RR kinders toe te rus om met vertroue hulle formele skoolloopbane in 2021 te begin. Die Amazing Brainz program bied 'n holistiese benadering tot hierdie ouderdom kinders om hulle stap vir stap te help ontwikkel.

Ons 4 onderwysers, asook 4 veldwerkers, het reeds vroeg in die jaar huisbesoeke gedoen om ouers te help met die inskrywing van hul kinders. Daar was selfs 'n amptelike opedag vir die ouers op 31 Januarie 2020, waar hulle en die ECD-maatjies die onderwysers kon ontmoet en die klaskamers kon verken. Program materiaal was ten toon gestel, en die kinders kon lekker speel en dit uit toets om solank opgewonde te raak vir skool gaan.

Die onderwysers het hulle goed van hulle taak gekwyt om een naam van God per week in die Bybelstorietyd aan hulle kinders te leer. Teen die einde van die kwartaal kon ons kinders al 5 eienskappe van God noem:

**Skepper, Voorsiener, Liefde, Magtig en Helper.**



'n Groot opkoms van ECD ouers het die vergadering 'n reuse sukses gemaak.

Blignautpark Eenheid 5C & 6C, Blignautpark, Wellington.

Telefoon: +27 (21) 864 1889

http://masvirwellington.co.za

Facebook: Masvirwellington

# AVODAH

Ons Avodah groep vir intelletueel gestremde persone het groei tot 'n totaal van 13 lede.

Ons besef die ongelooflike rol van ons bediening in hierdie "vergete" persone in ons gemeenskap. Die totale betrokkenheid, geborgenheid, opgewondenheid, bywoning en liefdevolle glimlagte van hierdie persone is 'n bewys van die sukses van die groep.

Danksy donasies van individuele persone in die gemeenskap, kan hierdie groep 3x per week bymekaar kom.











